


# 31 Maart

**SKRIF: Lukas 22:66-67**

Die volgende oggend toe die son opkom, het ‘n paar godsdienstige leiers besluit om Jesus voor die Joodse Raad te bring. Al die belangrikste godsdienstige leiers was daar. Toe Jesus voor hul kom, sê hulle vir Hom: “Sê vir ons: Is jy die Christus, die Een wat deur God na ons toe gestuur is, of nie?” “Wat help dit Ek antwoord julle? Julle sal My tog nie glo nie.” se Jesus.

**AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se verse. Die godsdienstige leiers het so op die wette gekonsentreer en die mense dopgehou om te sien wie oortree die reëls, dat hulle nie besef het wie Jesus werklik is nie. Hulle wou nie regitg die waarheid weet nie. Hulle het net ‘n rede gesoek om Hom te kruisig.**

**NEEM DIT AAN:** Wat dink jy moet die President en die Ministers doen sodat almal in ons land sal weet dat Jesus die Christus is?

Vul die lys aan:

- Hulle moet tot God Drie-enig bid voor vergaderings begin.
- ...
- ...
- ...

**GEBED:** (Die Middelvinger)

Here, ons bid vir ons regering. Beskerm hulle teen die Bose. Help hulle om die regte besluite te neem.



## 1 April

**SKRIF: Lukas 22:68-71**
"En as Ek julle iets vra, sal julle My ook nie antwoord nie.
Maar kyk, julle sal My nog eendag op die belangrikste plek in die hemel sien sit, reg langs God."
"Is jy regtig die Seun van God? vra die leiers.
"Ja, Ek is!" antwoord Jesus.
Toe was die Joodse Raad baie kwaad: "Wat meer het ons nodig? Nou het ons mos uit sy eie mond gehoor dat hy maak of hy God is. Hy is skuldig."

**AANDAG: Bespreek die verse met mekaar.**
**Die gosdienstige leiers was geleerde, slim mense. Maar hulle het gedink hulle weet alles. Eintlik het hulle glad nie reg verstaan nie.**
**Moenie dink as jy slim of geleerd is, dat jy altyd reg is nie.**




**NEEM DIT AAN:** Neem 'n bottel en gooi klippies of albasters in. As dit vol is stamp die bottel. Gooi sand in, as dit vol is stamp die bottel. Gooi nou water in. Sien? Al dink jy jy is "vol" kennis het jy nog altyd plek om iets by te leer.
Sing Lied 177 saam met jou gesin. Jesus groot bo almal, sterke Verlosser, magtige Heer en Heiland...


**GEBED:** Jesus, al weet en verstaan ek nie altyd alles nie, gló ek met my hele hart dat U God is.

# 2 April

**SKRIF: Lukas 23:1-5**

Die godsdienstige leiers vat toe vir Jesus na Pilatus toe. Hy was die Romeinse goewerneur. Hulle sê vir hom: "Hierdie man is 'n vals boodskapper van God. Hy sê ook vir die mense om nie belasting aan die keiser te betaal nie. Hy vertel hy is die Messias. Hy dink hy is die koning oor die hele wêreld."
Pilates vra toe vir Jesus: "Is jy die koning van die Jode?"
"U het dit gesê, nie Ek nie." Antwoord Jesus.
"Ag nee, wat, vat hierdie man weg," sê Pilatus vir die godsdienstige leiers en die skare. "Hy het niks verkeerd gedoen nie."
Maar die godsdienstige leiers wou nie. "Nee, hierdie man is baie gevaarlik. Hy maak moeilikheid, daar van Galilea af tot hier in Jerusalem."

**AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se verse.**
**Jesus was vals beskuldig.**
**Partykeer hoor ons stories by ons maats, of ons lees iets op die internet wat nie die waarheid is nie.**



**NEEM DIT AAN:**
Het iemand jou al vals beskuldig oor iets wat jy nie gesê of gedoen het nie? Hoe het jy toe gevoel.
Wees versigtig - moenie alles glo nie.

**GEBED:**
Here, help my om nie verkeerde stories te glo of te versprei nie.

## 3 April

**SKRIF: Lukas 23:6-9**

Toe Pilatus hoor dat hulle van Galilea praat, vra hy: “Kom hierdie man uit Galilea?”
Toe almal ja sê, het Pilatus besluit om Jesus na Herodes Antipas, die heerser oor Galilea, toe te stuur, want hy was ook in Jerusalem.
Toe Jesus ‘n rukkie later by Herodes aankom, was hy baie bly. “Uiteindelik kry ek die man te sien van wie ek so baie gehoor het,” sê Herodes. “Doen gou vir my ‘n groot teken. Ek wil sien of dit wat die mense oor jou sê, waar is.”
Maar Jesus het net daar gestaan sonder om te praat. Herodes het Hom baie vrae gevra, maar Hy het niks geantwoord nie.


**AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se gedeelte. Dink julle Herodes was sarkasties. Herodus het gedink Jesus is ‘n kulkunstenaar of ‘n towenaar. Hy het nie verstaan dat Jesus eintlik gekom het om mense se harte te verander en te red nie.**

**NEEM DIT AAN:**

Mense soek wondertekens, maar die grootste wonder van alles is Jesus se liefde vir ons - dit is wonderbaarlik!
Luister na die lied: “Die liefde van Jesus is wonderbaar.” op YouTube (ACK) en sing dit saam.

**GEBED:**

Here Jesus, baie dankie dat U mense se harte kan verander. U liefde is so wonderlik!



# 4 April

**SKRIF: Lukas 23:10-12**

Die godsdienstige leiers wat ook daar was, het Jesus sleggesê. Later was Herodes baie kwaad dat Jesus niks sê nie. Hy en sy soldate het Hom ook sleggesê en rondgestamp. Maar dit het nie gehelp nie. Toe het hulle vir Jesus mooi klere aangetrek. “Jy wil mos ‘n koning wees. Gaan wys vir Pilatus hoe lyk jy met jou koningsklere.” Het Herodes spottend vir Jesus gesê en Hom teruggestuur. Van daardie dag af was Herodes en Pilatus vriende.

**AANDAG: Lees die paar verse weer en sien die verhaal in jou gedagtes. Hier is ‘n klomp mense bymekaar: die godsdiensleiers, soldate en Herodes wat oor Galilea regeer het en ook Pilatus. Hulle het Jesus sleggese, vals beskuldig, op Hom geskreeu, Hom rondgestamp en met Hom gespot. Hulle was kwaad en het op Jesus geskreeu. Die twee leiers was nou skielik groot pelle. Lees nou ook Spreuke 31:8,9.**



**NEEM DIT AAN:** Het jy al gesien waar ‘n groep kinders saam bondel teen ‘n kind en hom/haar stamp, skop, slaan en verskreeu? Wat moet mens doen as jy dit sien? Hoe voel dit as almal teen jou is en jou spot? Het mense jou al gespot? Wat moet mens doen as dit met jou gebeur?

**GEBED:** Vyf-vinger Gebed
Duim: Bid vir kinders wat boelies is (ken jy hulle name?) Bid vir iemand wat jy ken wat geboelie word.
Wysvinger: Bid vir onderwysers en beraders wat boeliegedrag aanspreek en hanteer.
Middelvinger: Bid vir die polisie, die howe en almal wat probeer om die misdaad, geweld en onreg in skole en in ons land te beheer.
Ringvinger: Bid vir mense wat swak is en afhanklik is van ander se goedgesindheid.
Pinkie: Praat met die Here oor dit wat in jou hart is.
Handpalm: Dank God dat Hy ons vertroos en versterk.

# 5 April

**SKRIF: Lukas 23:13-17**
Pilatus het al die belangrikste godsdienstige leiers na hom toe laat kom. Hy sê toe vir hulle: "Julle sê dat Jesus moeilikheid maak. Ek sien dit is nie waar nie. Herodes sê ook vir my Jesus is onskuldig. Hy kan nie doodgemaak word nie. Kom ek sê vir julle wat ek sal doen: ek sal dat my soldate hom 'n groot pak slae gee. Daarna laat ek hom los."

**AANDAG: Die godsdiensleiers het besluit hul wil Jesus laat doodmaak. Maar hulle het nie die mag gehad om self vir iemand die doodstraf te gee nie. Dis hoekom hulle Jesus na die Romeinse hof toe geneem het. Pilates was die regter. Hy het Jesus vroeër verhoor en onskuldig bevind. Toe stuur hy Jesus na Koning Herodes, wat ook niks teen Jesus kon kry nie. In vandag se gedeelte lees ons van die finale verhoor, waar Pilatus die Joodse Raad en die volk bymekaar roep en vir hulle sê dat hy Jesus onskuldig bevind op al die klagtes wat hul teen Hom gebring het. Hy sê Jesus het niks gedoen wat die doodstraf verdien nie. Hy sal Jesus laat slaan en dan wil hy Hom loslaat.**



**NEEM DIT AAN:** Dink bietjie hoeveel mense ken jy wat nog nooit in hul lewe iets verkeerd gedoen het nie.
Het jy self al iets verkeerd gedoen?
Hoekom het Pilatus vir Jesus laat gesel (39 houe met 'n sweep) al was Hy onskuldig?
Laat jou ouers vir jou verduidelik wat beteken die spreekwoord: "As jy 'n hond wil slaan, kry jy maklik 'n stok."

**GEBED:** Sing as 'n gebed die lied: "Jesus loves me, yes I know, for the Bible tells me so."
Of luister op Facebook hoe mooi sing CeCe dit.